Volgens die jongste skattings van die Buro vir Sensus en Statistiek het die Unie se totale geografiese volksinkome van omtrent £1,427 miljoen in 1952/53 tot £1,521 miljoen in 1953/54 toegeneem, terwyl die netto volksinkome (d.w.s. ná aftrekking van die inkomte wat aan nie-Unie produksiefaktore toekom), van omtrent £1,284 miljoen tot ongeveer £1,376 miljoen, respektiewelik, gestyg het. Soos gesien kan word van Tabel XXXVI van hierdie Blad, was die styng van ongeveer £94 miljoen in die geografiese inkomte die gevolg van toenames onder

verskeie van die meer belangrike hoofde, veral die toenames van £26 miljoen onder „Landbou, Bosbou en Visserye”, £15 miljoen onder „Handel”, £12 miljoen onder „Private Fabriekswese” en £10 miljoen onder elk van die hoofde „Vervoer, S.A. Spoorweë en Hawens” en „Openbare Owerhede”.

Die toename van ongeveer 7 persent in die volksinkome *teen heersende pryse* vanaf 1952/53 tot 1953/54 het gepaard gegaan met 'n styng van ongeveer 2½ persent in die Unie se kleinhandelsprysindeks, sodat dit wil voorkom asof daar ook 'n toename in die *reële* volksinkome gedurende dié tydperk was. Alhoewel hierdie syfers op die jare geëindig 30 Junie betrekking het, dui sulke inligting as wat tans beskikbaar is daarop dat, ook op 'n kalenderjaarbasis, daar 'n toename in die volksinkome *teen heersende pryse* sowel as in die *reële* volksinkome vanaf 1953 tot 1954 was.

Wat die uitgawekant van die nasionale rekeninge betref, toon voorlopige skattings aan dat daar weer eens 'n aansienlike styng in die bruto binnelandse kapitaalvorming vanaf 1953 tot 1954 was. Aangesien hierdie toename gepaard gegaan het met 'n opmerklike afname in die Unie se netto lopende tekort teenoor die buiteland, skyn dit asof daar ook 'n noemenswaardige styng in totale bruto binnelandse besparing, en in die besonder, in private besparing, was. Verder wil dit voorkom asof daar ook 'n toename was in verbruik, d.w.s. in die lopende uitgawes van beide die openbare en private sektors.

Met betrekking tot die toename in bruto binnelandse kapitaalvorming, dui die beskikbare inligting daarop dat dit grootliks toe te skryf is aan die feit dat daar 'n toename in die belegging in voorrade gedurende 1954 was, vergeleke met 'n afname gedurende 1953.

PRODUKSIE EN WERKVERSKAFFING

Landbou: Die jongste voorlopige skattings van die Afdeling Ekonomie en Marke toon aan dat die bruto waarde van die landbouproduksie, wat van omtrent £252 miljoen in 1951/52 tot omtrent £318 miljoen in 1952/53 toegeneem het, verder tot ongeveer £343 miljoen in 1953/54 gestyg het.

Van die toename van omtrent £25 miljoen in die totale produksie van 1952/53 tot 1953/54, was ongeveer 50 persent aan toenames in die produksie van mielies, wol en suiker te wye. Die produksie van mielies het toegeneem van omtrent £53.9 miljoen of 33.8 miljoen sak in 1952/53 tot omtrent £60.4 miljoen of 39.3 miljoen sak in 1953/54, die wolskeersel van omtrent £56.4 miljoen of 240.8 miljoen lb. tot omtrent £60.0 miljoen of 251.2 miljoen lb., en die produksie van suiker (gebaseer op suikerriet wat gepers is) van omtrent £11.0 miljoen of 5.7 miljoen kortton tot omtrent £12.9 miljoen of 6.2 miljoen kortton. Hierdie syfers toon aan dat daar ook 'n

aansienlike toename in die fisiese omvang van die landbouproduksie was, en dit word weerspieël in die feit dat terwyl die totale bruto waarde van produksie met omtrent 8 persent van 1952/53 tot 1953/54 toegeneem het, die gemiddelde maandelikse gekombineerde prysindeks van landbouprodukte ongeveer konstant gebly het.

Die syfers wat hierbo aangehaal is, het betrekking op die jare geëindig 30 Junie, maar, volgens die Afdeling, wil dit voorkom asof die waarde en die fisiese omvang van die landbouproduksie, ook op 'n kalenderjaarbasis, aansienlik van 1953 tot 1954 toegeneem het.

Mynbou: Voorlopige syfers wat deur die Staatsmyningenieur gepubliseer is, toon aan dat, met uitsluiting van uraan en steengroefprodukte, die waarde van die Unie se minerale produksie (grotendeels op verkope gebaseer), nadat dit effens van £210.8 miljoen in 1952 tot £210.4 miljoen in 1953 gedaal het, tot die nuwe rekordpeil van £228.9 miljoen in 1954 gestyg het. Terwyl die produksiesyfers van uraan nie beskikbaar is nie, is dit uit die gepubliseerde handelstatistiese bekend dat uraanuitvoere van omtrent £4 miljoen in 1953 tot omtrent £15 miljoen in 1954 toegeneem het. Dit skyn dus asof die werklike waarde van die Unie se minerale produksie in 1954 meer as £240 miljoen beloop het.

Van die toename van £18.5 miljoen in die minerale produksie vanaf 1953 tot 1954 (uranium en steengroefprodukte uitgesluit), was die toename in die goudproduksie vir nie minder as £17.1 miljoen verantwoordelik nie. Met die vier addisionele myne nl. Harmony, President Brand, President Steyn en Virginia wat begin produseer het in die Oranje Vrystaat, het die goudproduksie in dié provinsie van 431,000 fyn onse in 1953 tot 1,096,000 fyn onse in 1954 toegeneem, terwyl die produksie in die res van die Unie ook gestyg het nl. van 11,510,000 fyn onse tot 12,141,000 fyn onse. Die Unie se totale goudproduksie het dus van 11,941,000 fyn onse in 1953 tot 13,237,000 fyn onse in 1954 toegeneem, en aangesien die gemiddelde offisiële prys wat vir goud ontvang is van 247s.2d. tot ongeveer 248s.9½d. toegeneem het, het die waarde van die produksie gestyg van omtrent £147.6 miljoen tot £164.7 miljoen onderskeidelik.

Die verkope van steenkool het van 30,570,000 ton in 1953 tot 31,302,000 ton in 1954 toegeneem, alhoewel die waarde van die verkope effens van £16.5 miljoen tot £16.3 miljoen gedaal het, terwyl die verkope van koper van 37,600 ton tot 49,100 ton, of in terme van waarde, van £9.3 miljoen tot £9.8 miljoen gestyg het. Die verkope van alle ander onedele minerale saam het toegeneem van £16.5 miljoen tot £17.6 miljoen, dié van edele metale, goud uitgesluit, van £6.7 miljoen tot £7.3 miljoen, terwyl dié van diamante afgeneem het van £14.0 miljoen tot £13.2 miljoen, alhoewel die hoeveelheid diamante verkoop toegeneem het van 2,627,000 metriese karaat tot 2,891,000 metriese karaat.


Met betrekking tot die fisiese omvang van minerale

produksie, duis voorlopige berekenings aan dat die produksie van metaalhoudende onedele minerale met 12 persent van 1953 tot 1954 gestyg het, terwyl dié van nie-metaalhoudende onedele minerale met omtrent 8 persent toegeneem het. Word die toenames van omtrent 10 persent in die produksie van diamante en byna 11 persent in die produksie van goud bygereken, dan het die totale fisiese omvang van minerale produksie met omtrent 11 persent in 1954 gestyg.

Wat mynarbeid betref, was daar 'n aansienlike verbetering in 1954. Die gemiddelde maandelikse indeks* van totale werkverskaffing het, nadat dit van 114 in 1952 tot 112 in 1953 gedaal het, tot 118 in 1954 gestyg, en soos blyk uit die onderstaande grafiek was die neiging opwaarts dwarsdeur die jaar 1954. Vanaf Desember 1953 tot Desember 1954, het mynarbeid met omtrent 6.0 persent toegeneem, wat toenames van 6.7 persent in die getal blankes, en 5.9 persent in die getal nie-blankes verteenwoordig.

Fabriekswese: Aangesien daar nog geen ommvattende gegewens omtrent fabrieksproduksie in die Unie vir die jongste tyd beskikbaar is nie, is dit moeilik om die neigings gedurende 1954 in hierdie sektor van die land se ekonomie te bepaal. Volgens die beschikbare indeks van werkverskaffing wil dit egter voorkom asof daar 'n toename in die fisiese omvang van produksie van 1953 tot 1954 was, en dit, saam met die verdere klein styging in die gemiddelde maandelikse indeks van die Unie se groot-handelsprys gedurende dié tydperk, skyn ook 'n verdere aansienlike toename in die waarde van fabrieksproduksie te weerspieël.

Die indeks van werkverskaffing in die nywerheid het, nadat dit van 121 in 1952 tot 123 in 1953 gestyg het, verder tot 125 in 1954 toegeneem, en soos blyk



Volumeindeks (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

uit die bestaande grafiek, is die opwaartse neiging in die maandelikse indekse gedurende 1953, in 1954 voortgesit.

Elektrisiteit: Soos van die bestaande grafiek aangelei kan word, het die indeks van elektriese stroom opgewek selfs 'n sterker opwaartse neiging gedurende 1954 as gedurende 1952 en 1953 getoon. Die gemiddelde maandelikse indeks het toegeneem van 143

* Tensy anders aangedui, is al die indekse wat in hierdie oorsig gemeld word, op die basis 1948 = 100 gebaseer.

in 1953 tot 158 in 1954, vergeleke met 135 in 1952.

Boubedryf: Die indeks van die waarde van bouplanne goedgekeur in die agtien vernaamste stede van die Unie, wat van 115.1 in 1952 tot 124.1 in 1953 toegeneem het, het sterk gestyg tot 142.3 in 1954, terwyl dié van die waarde van geboue begin in dié stede ook toegeneem het nl. van 142.3 in 1953 tot 154.6 in 1954, vergeleke met 128.8 in 1952. Aan die ander kant het die beskikbare indeks van werkverskaffing in die boubedryf aangehou om 'n effens afwaartse neiging gedurende 1954 te toon en alhoewel hierdie indeks gebaseer is op monstergewens wat miskien nie verteenwoordigend is van die boubedryf as 'n geheel nie, skyn dit, indien die relatiewe klein toename in die produksie van sement ook in aanmerking geneem word, dat alhoewel boubedrywigheid in 1954 vergeleke met 1953 mag toegeneem het, die styging nie so groot was as wat die syfers vir bouplanne goedgekeur en geboue begin wil aandui nie.

BUITELANDSE HANDEL

Beide die Unie se invoere en uitvoere het gedurende 1954 toegeneem. Terwyl die waarde van goedereinvoere slegs minder as dié in 1951 was, het die waarde van goedereuitvoere 'n nuwe rekordpeil bereik.


As gevolg van 'n mate van verslapping van invoerbeheer in 1954 het die goedereinvoer tot omtrent £443 miljoen in daardie jaar toegeneem, vergeleke met £425 miljoen in 1953 en £419 miljoen in 1952. Met uitsondering van die invoere van Regeringsvoorrade, wat gestyg het van £22 miljoen in 1952 tot £36 miljoen in 1953, en toe afgeneem het tot £31 miljoen in 1954, was daar 'n toename van omtrent £23 miljoen vanaf 1953 tot 1954, vergeleke met 'n afname van omtrent £8 miljoen vanaf 1952 tot 1953. Soos in die tabel hieronder aangebeeld, het die invoere van „weefsels, klere, garing en vesels“ verder in 1954 gestyg, terwyl daar 'n baie kleiner afname in die invoere van „metale, metaalfabrikate, masjinerie en voertuie“ in 1954 as in 1953 was. Verder het verskeie invoerklasse wat in 1953 afgeneem of geen verandering getoon het nie, in werklikheid toenames in 1954 getoon.

Toename of Afname in £ Miljoene
1953 1954

Invoerklas			
Diere, landbou- en dierlike produkte	2	1	
Voedsel, drank en tabak	1	- 2	
Weefsel, klere, garing en vesels	12	12	
Metale, metaalfabrikate, masjinerie en voertuie	- 12	- 3	
Delfstowe, erde- en glaswerk	- 1	- 1	
Olie, was, harsoorte, verfmiddels en vernisse		4	
Drogerye, chemikalië en misstowe	- 3	4	
Leer, rubber, en fabrikate daarvan	1	-	
Hout, rottang,riet en fabrikate daarvan	- 3	2	
Boeke, papier en skryfbehoeftes	- 5	3	
Juweliersware, uurwerke, weelde-artikels en musiekinstrumente		1	
Diverse goedere		2	
TOTAAL	- 8	23	

Die toename in die totale invoere van die Unie vanaf £425 miljoen in 1953 tot £443 miljoen in 1954, was die gevolg van toenames in die invoere vanaf 'n groot aantal lande, alhoewel daar ook 'n paar opmerklike afnames was. Dus, terwyl invoere vanaf die Verenigde State van omtrent £78 miljoen tot ongeveer £88 miljoen toegeneem het, het dié vanaf die Verenigde Koninkryk afgeneem van omtrent £160 miljoen tot omtrent £153 miljoen, dié vanaf Duitsland van £25 miljoen tot omtrent £22 miljoen en dié vanaf Kanada van byna £18 miljoen tot omtrent £15 miljoen.

Alhoewel die totale waarde van invoere in 1954 hoër was as in 1953, was die neiging in die maandelikse syfers, uitgesondert seisoenskommelings, effens



Waardeindeks (1948 = 100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

afwaarts gedurende 1954. Soos uit bostaande grafiek opgemerk sal word, was hierdie effense afwaartse neiging hoofsaaklik te wye aan die hoë invoersyfer vir Maart en die relatiewe lae syfers vir Oktober en November. Terwyl eersgenoemde verband gehou het met die feit dat dit die laaste maand was waarin goedere na die Unie teen die 1953 invoerpermitte verskeep kon word, en goedere terselfdertyd teen die 1954 permitte ontvang is, kan laasgenoemde in verband gebring word met die dokstaking in Brittanje gedurende Oktober. In werklikheid het £5 miljoen van die afname van £7 miljoen in invoere vanaf die Verenigde Koninkryk in 1954, gedurende die laaste kwartaal van die jaar plaasgevind.

Wat die uitvoere betref, toon die gepubliseerde syfers van die Departement van Doeane en Aksyns, wat staafgoud uitsluit maar goudprodukte insluit, 'n afname vanaf £340 miljoen in 1953 tot omtrent £322 miljoen in 1954, vergeleke met £337 miljoen in 1952. Word die uitvoer van goudprodukte (wat in 1954 nie meer voorgekom het nie as gevolg van die verdwyning van die premie op goud in die vrye mark verkoop) egter uitgesluit, dan het die goedere-uitvoer op die rekordpeil van omtrent £322 miljoen in 1954 te staan gekom, vergeleke met £288 miljoen in 1953 en £272 miljoen in 1952. As verder die heruitvoere van ingevoerde goedere by hierdie syfers uitgesluit word, dan word gevind dat die uitvoere

van Suid-Afrikaanse produkte, uitgesonderd goud, toegeneem het van omtrent £247 miljoen in 1953 tot omtrent £279 miljoen in 1954, vergeleke met omtrent £224 miljoen in 1952. Daar was dus 'n toename van £32 miljoen in die uitvoere van Suid-Afrikaanse produkte (uitgesonderd goud), vanaf 1953 tot 1954, waarvan omtrent £25 miljoen verteenwoordig was deur toenames in die uitvoere van uraan, mielies en suiker, nl. £11.0 miljoen, £10.9 miljoen en £3.3 miljoen onderskeidelik. Terwyl die uitvoere van 'n aantal ander produktes ook in 1954 toegeneem het, was daar afnames van omtrent £4.5 miljoen in woluitvoere, £2.2 miljoen in die uitvoer van huide en velle en £1.5 miljoen in dié van mangaanerts.


As die toename vanaf 1953 tot 1954 in die uitvoere van Suid-Afrikaanse produktes, uitgesonderd goud en uraan,* ontleed word volgens land van bestemming, word toenames in die uitvoere na 'n groot aantal lande gevind, opmerklik die Rhodesiës (van £37 miljoen tot £43 miljoen), die Verenigde Koninkryk (van £75 miljoen tot £80 miljoen), die Nederlande (van £4 miljoen tot £8 miljoen) en België (van £7 miljoen tot £9 miljoen). Aan die ander kant was daar klein afnames in die uitvoere na Italië (van £18 miljoen tot £15 miljoen), Frankryk (van £15 miljoen tot £13 miljoen) en Japan (van £5 miljoen tot £3 miljoen).

Soos uit die bostaande grafiek opgemerk sal word, is die opwaartse neiging in die maandelikse indekse van die waarde van uitvoere, uitgesonderd seisoensbewegings, wat gedurende 1953 waargeneem is, gedurende 1954 voortgesit.

BINNELANDSE HANDEL

Volgens die beskikbare gegewens wil dit voorkom asof beide die waarde en fisiese omvang van kleinhandelsverkope in 1954 hoër as in 1953 was. Die waardeindekse vir Johannesburg, Pretoria, Kaapstad, Oos-Londen en Durban, wat deur die Kamers van Koophandel gepubliseer word, toon almal toenames in omsette in 1954 aan, behalwe in die geval van Kaapstad waar dit ongeveer dieselfde as in 1953 gebly het. Indien hierdie syfers saamgestel word vir die vyf gebiede, toon die beswaarde gemiddelde indeks, wat toegeneem het van 110.6 in 1952 tot 112.6 in 1953, 'n verdere toename tot 115.7 in 1954. Aangesien hierdie styging van omtrent 2.8 persent vanaf 1953 tot 1954 hoër was as die ooreenstemmende styging van 1.4 persent in die Unie se kleinhandelsprysindeks (huishuur uitgesluit), skyn dit asof daar ook 'n styging in die fisiese omvang van kleinhandelsverkope in 1954 was.

Wat die neigings in die gekombineerde maandelikse indekse vir die vyf gebiede betref, wil dit voorkom uit die grafiek hieronder dat, uitgesonderd seisoenskommelings, die effens opwaartse neiging in die waarde van kleinhandelsomset gedurende 1953, in 1954 voortgesit is. In die geval van die fisiese



Indekse (1948 = 100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

omvang van omset, kom dit voor asof die neiging gedurende 1954 effens opwaarts was, vergeleke met 'n min of meer konstante neiging gedurende 1953.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat bovenoemde gesamentlike indeks van kleinhandelsverkope op beperkte monsters gebaseer is wat slegs op die genoemde vyf gebiede betrekking het.

SPOORWEGVERVOER

Spoorweginkomste het weereens 'n aansienlike stijging in 1954 getoon. Ná 'n toename vanaf 146 in 1952 tot 155 in 1953, het die gemiddelde maandelikse indeks gestyg tot 180 in 1954. Soos uit bostaande grafiek afgelei kan word was die neiging sterk opwaarts gedurende 1954, veral teen die einde van die jaar nadat spoorwegtariewe in September hersien is.

In die geval van die indeks van totale tonmyle van inkomstesdraende vervoer, was daar 'n voortsetting gedurende 1954 van die effens opwaartse neiging gedurende 1952 en 1953. Hierdie opwaartse beweging was egter heelwat stadiger as die stijging in spoorweginkomste en dit weerspieël die belangrike rol wat die gewysigde spoorwegtariewe gespeel het in die stijging van spoorweginkomste tot 'n nuwe rekordpeil teen die end van 1954.

Wat spoorwegarbeid betref, het die gemiddelde maandelikse indeks, wat van 105 in 1952 tot 109 in 1953 gestyg het, 'n afname tot 108 in 1954 getoon, wat die voortdurende tekort aan arbeid weerspieël.

BETALINGSBALANS

Ten spyte van die verslapping in invoerbeheer, het die Unie se netto lopende tekort teenoor die buiteland 'n aansienlike vermindering in 1954 getoon, as gevolg, eerstens, van die sterk stijging in goedere-uitvoere en, tweedens, van die verhoogde goudproduksie. Boonop was die netto toevloei van kapitaal uit die buiteland hoër in 1954 as in enige jaar sedert 1948, sodat die land se goud- en buitelandse valutabesit sterk gestyg het, in teenstelling met die afwaartse neiging gedurende die drie voorafgaande jare.

* Uraanuitvoere word hier uitgelaat omdat die syfers nie volgens land van bestemming gepubliseer word nie.

Indien die in- en uitvoersyfers van die Unie, wat hierbo onder die hoof „Buitelandse Handel“ aangehaal is, herbereken word deur die insluiting van Suidwes-Afrika en deur die aanbring van verskeie ander wysigings vir betalingsbalansdoeleindes, word gevind dat die goedereinvoer ongeveer £437 miljoen in 1954 beloop het, vergelike met omtrent £423 miljoen in 1953 en £415 miljoen in 1952. Aan die ander kant het goedereuitvoere, met uitsluiting van staafgoud, goudprodukte en skeepsvoorraad, wat van ongeveer £277 miljoen in 1952 tot ongeveer £288 miljoen in 1953 toegeneem het, verder tot omtrent £323 miljoen in 1954 gestyg.

Die land se handelstekort, wat van ongeveer £138 miljoen in 1952 tot ongeveer £135 miljoen in 1953 afgeneem het, het dus tot omtrent £114 miljoen in 1954 gedaal, en word die netto goudproduksie, aan die een kant, en die tekort t.o.v. lopende onsigbare poste, aan die ander kant, in berekening gebring, dan het die netto lopende tekort teenoor die buiteland, wat ongeveer £58 miljoen in 1952 en £59 miljoen in 1953 beloop het, tot omtrent £30 miljoen in 1954 gedaal.

Op kapitaalrekening het die Unie ook 'n baie verbeterde posisie in 1954 getoon. Voorlopige skattings duï aan dat die netto ontvangste van private kapitaal, met insluiting van handelskrediete, ongeveer £55 miljoen beloop het, waarvan omtrent £13 miljoen die netto trekkings teen die uraanlenings verteenwoordig. Boonop het die Unie-regering omtrent £5 miljoen in die vorm van 'n Switserse lening ontvang, terwyl netto trekkings teen die I.B.H.O.-lenings ongeveer £15 miljoen bedrae het. Aan die ander kant het die banke se korttermynverpligtings teenoor die buiteland met ongeveer £1 miljoen afgeneem, sodat die totale netto toevloei van kapitaal uit alle bronne ongeveer £74 miljoen in 1954 beloop het, vergeleke met omtrent £29 miljoen in 1953 en £51 miljoen in 1952.

Onder hierdie omstandighede het die Unie se totale goud- en buitelandse valutabesit met ongeveer £44 miljoen gedurende 1954 gestyg, in teenstelling met die afnames van £7 miljoen in 1952 en £30 miljoen in 1953. Van die stijging van £44 miljoen in 1954, het die toename in die goudbesit ongeveer £8 miljoen verteenwoordig, wat die netto resultaat was van goudverkope ten bedrae van omtrent £156 miljoen teenoor 'n netto goudproduksie van omtrent £164 miljoen.


GELD IN OMLOOP

Nadat dit van £439 miljoen aan die end van 1952 tot £444 miljoen aan die end van 1953 toegeneem het, het die totale hoeveelheid geld in omloop in die Unie tot £471 miljoen aan die end van 1954 gestyg. Terwyl die toename van £5 miljoen gedurende 1953 egter toe te skrywe was aan 'n stijging van meer as £21 miljoen in die geldhoeveelheid in besit van die private sektor, vergeleke met 'n daling van omtrent £16 miljoen in dié gehou deur die Regering, was die stijging van omtrent £27 miljoen gedurende 1954


die netto resultaat van 'n toename van slegs ongeveer £8 miljoen in die hoeveelheid in die hande van die private sektor, teenoor 'n stijging van meer as £19 miljoen in dié gehou deur die Regering.

Die vernaamste faktor wat verantwoordelik was vir die stijging van £27 miljoen in die totale geldhoeveelheid gedurende 1954, was die toename van meer as £44 miljoen in die land se goud- en buitelandse valutabesit as gevolg van die gunstige betalingsbalanspositie. Boonop het handelsbankkrediet met omtrent £26 miljoen gedurende die jaar toegenem, maar die positiewe invloed van hierdie faktore op die geldhoeveelheid is egter gedeeltelik teengetrek deur 'n afname van meer as £18 miljoen in Reserwebankkrediet en 'n verskuwing van ongeveer £27 miljoen vanaf onmiddellik opeisbare na termyndeposito's by die handelsbanke. Wat die stijging van £26 miljoen in handelsbankkrediet betref, was daar toenames van omtrent £29 miljoen in die banke se diskonteringe en voorskotte en omtrent £4 miljoen in hulle saldo's by die Nasionale Finansiekorporasie, terwyl hulle beleggings met ongeveer £7 miljoen afgeneem het. Soos blyk uit die onderstaande grafiek, is die sterk opwaartse beweging gedurende

HANDELSBANKE :
DISKONTERINGE
EN VOORSKOTTE



BANK-
DEBETTE



Waardeindeks (1948=100) — Aangesuiwer vir seisoenskommelings.

1953 in die banke se diskonteringe en voorskotte gedurende die jaar 1954 voortgesit.

In verband met deposito's wat nie in die geldhoeveelheid ingesluit word nie, maar wat verwant is aan geld en soms „amper-geld“ of „quasi-geld“ genoem word, het verskeie noemenswaardige toenames gedurende 1954 plaasgevind. So bv., afgesien van die stijging van £27 miljoen in die handelsbanke se vaste en spaardeposito's hierbo genoem, het die deposito's by die Nasionale Finansiekorporasie (met uitsluiting van dié van banke) met ongeveer £30 miljoen en dié by die Bouverenigings met omtrent £25 miljoen gestyg, terwyl dié by die Posspaarbank, Volksbanke, Leningsbanke en Deposito-Nemende Instellings* gesamentlik 'n kleiner toename van ongeveer £2 miljoen getoon het.

* Soos omskryf in die Bankwet van 1942.

BANKDEBETTE

Die indeks van bankdebette, wat debette teen Regeringsrekenings by die banke uitsluit en wat 'n aanduiding gee van die tendens in die monetêre omvang van die land se ekonomiese bedrywigheid, het tot 172 in 1954 gestyg, vergeleke met 156 in 1953 en 147 in 1952. Soos blyk uit die bestaande grafiek, is die sterk opwaartse beweging in die maandelikse indekse gedurende 1953, wat gevvolg het op die min of meer konstante tendens gedurende 1952, gedurende die jaar 1954 voortgesit. Hierdie verdere styling in bankdebette het veroorsaak dat die indeks van die omloopsnelheid van die geldhoeveelheid in private besit tot 187 in 1954 toege- neem het, vergeleke met 171 in 1953 en 164 in 1952.

GOEDEREPRYSE


Soos blyk uit die grafiek op bladsy iv, is die relatief stabiele tendens wat die indekse van totale groot- en kleinhandelspryse gedurende 1953 getoon het, vergeleke met die sterk opwaartse beweging gedurende 1951 en 1952, gedurende die jaar 1954 voortgesit.

Nadat dit van 148.0 in 1952 tot 149.3 in 1953 toegeneem het, het die gemiddelde maandelikse indeks van groothandelspryse vir alle goedere effens verder tot 150.4, d.w.s. met 0.7 persent, in 1954 gestyg, en dit was die gevolg van toenames van 0.8 persent in die indeks van Uniegoedere en 0.6 persent in dié van invoergoedere. Soos blyk uit die grafiek hieronder, het daar gedurende 1954 'n

neem. Vanaf Desember 1953 tot Desember 1954 het die styling 4.0 persent beloop, en, soos blyk uit die grafiek hierbo, was dit grootliks die gevolg van toenames in die indekse van voedsel en „ander“ poste, aangesien die indeks van klerasie relatief stabiel gebly het. Die toename in die indeks van „ander“ poste op sy beurt, was feitlik ten volle die gevolg van 'n styling in die indeks van huishuur, wat slegs eenkeer per jaar, gewoonlik in September, aangesuiwer word wanneer die resultate van die jaarlikse huursensus beskikbaar word.

In die geval van landboupryse het die gemiddelde maandelikse indeks, wat alle produkte omvat, nadat dit van 144 in 1952 tot 164 in 1953 gestyg het, gedaal tot 153, of met omtrent 7 persent, in 1954. Geneem vanaf Desember 1953 tot Desember 1954, het die indeks van 157 tot 142 afgeneem d.w.s. met omtrent 9 persent, en dit was die netto resultaat van die verandering in die indekse van die ver- naamste klasse van landbouprodukte soos in die tabel hieronder aangetoon:

	Percentasie Verandering
Mielies en kafferkorng	- 2.4
Koring, hawer en rog	- 1.8
Lusern en tefhooi	25.1
Aartappels, patats, uie en droëbone	12.6
Wol, bokhaar, huide en velle	- 17.5
Bottervet, kaasmelk en melk vir kondensering	- 1.7
Beeste, skape en varke	- 3.0
Hoenders, kalkoene en eiers	- 3.7
 Beswaarde gemiddelde	 - 9.3



Indekse (1948 = 100).

ommekeer gekom in die afwaartse beweging wat gedurende 1952 en 1953 in die prys van invoergoedere sigbaar was, en die indeks het effens met 1.8 persent van Desember 1953 tot Desember 1954 toegeneem. Aan die ander kant het die indeks van die prys van Uniegoedere 'n meer konstante tendens gedurende 1954 getoon en slegs met 0.3 persent van Desember 1953 tot Desember 1954 gestyg.

Die gemiddelde maandelikse indeks van kleinhandelspryse wat van 125.8 in 1952 tot 130.2 in 1953, d.w.s. met 3.5 persent, gestyg het, het effens verder tot 132.5 of met 1.8 persent in 1954 toege-


Wat wol betrek, het die beswaarde gemiddelde prys van alle soorte wol (gegrond op prys wat werklik vir vetwol op openbare veilings in Uniehawens betaal is), wat van 55.38d. per lb. in Desember 1952 tot 58.11d. per lb. in Desember 1953 gestyg het, gedaal tot 47.77d. per lb. in Desember 1954.

AANDELEBEURSTRANSAKSIES

Soos in die Verenigde State en die Verenigde Koninkryk, het die bedrywigheid op die aandelebeurs in die Unie 'n sterk herlewning gedurende 1954 getoon. Terwyl dit egter die prys van industriële aandele was wat in die Verenigde State en in die Verenigde Koninkryk sterk gestyg het (in die geval van eersgenoemde het die indeks van 156 in 1953 tot 191 in 1954 gestyg, en in die geval val laasgenoemde van 102 tot 135), was die herlewning in die Unie grootliks beperk tot die aandele van ontwikkelende goudmyne, veral dié in die Oranje Vrystaat, sommige waarvan gedurende die jaar die produksiestadium bereik het. Sodoende het die prysindekse van industriële aandele en van die aandele van produserende goudmyne in die Unie, op 'n gemiddelde maandelikse basis geneem, weinig verandering vanaf 1953 tot 1954 getoon, terwyl dié van die aandele van ontwikkelende goudmyne van 104 tot 172 gestyg het.

Wat aandelebeursomset in die Unie betref, het die indeks gebaseer op die totale waarde van transaksies in verhandelbare effekte deur Johannesburgse aandelemakelaars, gestyg van 48.4 in 1953 tot 113.1 in 1954, wat die hoogste syfer sedert die gunstige jare 1946 en 1947 is.

EFFEKTEBEURS-
OMSET



Waardeindekse (1948 = 100) — Aangesuwer vir
seisoenskommelings.

TRANSAKSIES IN VASTE EIENDOM

Soos blyk uit bostaande grafiek, het die indeks van die waarde van eiendomstransaksies 'n voortsetting gedurende 1954 getoon van die effens opwaartse neiging gedurende die tweede helfte van 1952 en die jaar 1953. Die gemiddelde maandelikse indeks het, nadat dit van 90 in 1952 tot 92 in 1953 toegeneem het, gestyg tot 101 in 1954.

BESLUIT

Uit die voorafgaande ontleding blyk duidelik dat die *monetäre* omvang van die Unie se ekonomiese bedrywigheid, wat in 1953 toegeneem het nadat dit gedurende 1952 relatief stabiel gebly het, weereens 'n aansienlike stygging in 1954 getoon het. In werklikheid het die gemiddelde maandelikse of jaarlikse syfers van 'n groot aantal van die indekse wat behandel is, bv. volksinkome, bruto binnelandse besparing, die waarde van landbouproduksie, die waarde van minerale produksie, die waarde van goedereuitvoere, spoorweginkomste, diskonteringe en voorskotte van die handelsbanke, bankdebette, die waarde van eiendomstransaksies, en, geoordel volgens die beskikbare gegewens, ook die waarde van fabrieksopbrengs en kleinhandelsverkope, tot nuwe rekordhoogtes in 1954 gestyg, terwyl sulke indekse soos die waarde van goedereinvoere, die waarde van bouplanne goed-

gekeur en effektebeursomset, alhoewel hulle nie 'n rekordpeil bereik het nie, ook vanaf 1953 tot 1954 toegeneem het. Verder wil dit voorkom uit die bewegings in die maandelikse waardeindekse dat die neiging dwarsdeur die jaar 1954 opwaarts was.

Die aansienlike stygging in die *monetäre* omvang van ekonomiese bedrywigheid in 1954 het gepaard gegaan met slegs 'n geringe stygging in die pryspeil, sodat dit wil voorkom asof daar ook 'n noemenswaardige stygging in die fisiese omvang van ekonomiese bedrywigheid was. Aanduidings hiervan is hierbo gevind in die oorsig van landbou-, minerale en fabrieksproduksie, goedereuitvoere, spoorwegverkeer en kleinhandelsverkope.

Gepaardgaande met die opwaartse beweging in die Unie se ekonomiese sirklus in 1954, was daar die noemenswaardige stygging in volksinkome en die aansienlike verbetering in die land se betalingsbalanspositie. Sodoende het die Unie se goud- en buitelandse valutabesit vir die eerste keer sedert 1950 'n toename getoon, en terwyl dit in 'n groot mate die gevolg was van 'n sterk stygging in die toevloei van kapitaal uit die buiteland, is dit ook teweeggebring deur 'n aansienlike daling in die netto lopende tekort. Die verhouding van laasgenoemde tot die geografiese volksinkome het nl. tot ongeveer 3 persent in 1954 gedaal, vergeleke met omtrent 10 persent in 1951, 6 persent in 1952 en 5 persent in 1953.

In ekonomiese oopsig het die Unie dus die jaar 1955 in 'n relatiewe gunstige posisie betree. Dit is vroeg in die nuwe jaar weerspieël in die feit dat, alhoewel dit onraadsaam geag is om die bankkoers van 4 persent in die Unie te verlaag niteenstaande die verbeterde ekonomiese posisie en die afwaartse neiging in langtermyn rentekoerse gedurende 1954, daar ook besluit is om nie die plaaslike bankkoers te verhoog toe dié van Brittanje van 3 tot $3\frac{1}{2}$ persent op 27 Januarie en verder tot $4\frac{1}{2}$ persent op 24 Februarie verhoog is nie. Ook is die verbeterde betalingsbalanspositie weerspieël in die aankondiging in Januarie deur die Minister van Ekonomiese Sake van 'n aansienlike verslapping in invoerbeheer in 1955. Gesien die gunstige vooruitsigte betreffende die Unie se internasionale lopende rekening, veral t.o.v. die goud- en uraanproduksie waarin 'n aansienlike stygging in 1955 verwag word, sal die mate waartoe hierdie verslapping in invoerbeheer die land se goud- en buitelandse valutareserwes mag beïnvloed, grootliks afhang van die koers waarteen buitelandse kapitaal ontvang word.

T. W. de Jongh,
Statistkus.